

tippet 100

Die "tippet" is die baie dun stukkie lyn vooraan die vlieglyn van die vlieghengelaar. Dis feitlik onsigbaar - hopelik vir die vis ook! Dit lyk onbenullig - en tog is dit baie belangrik.

Net soos die klein ietsie wat jy vir iemand in die stilte kan doen; of die glimlag vir iemand wat jou pad kruis; of om te luister na iemand wat swaarkry; of om te besluit om vandag voluit te leef want elke nuwe dag is God se geskenk; of die besluit om anders te dink oor iemand...

Klein is belangrik. Klein het impak. Klein maak 'n verskil.

Regtig.

Francois Retief

22 Oktober 2018